

16 Oktober 2017

Omsendbrief 8/2017

It is not whether you get knocked down; it's whether you get up -
Vince Lombardi

1. Boodskap van die Hoof

Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van die dood van een van ons geliefde graad 12 leerders, Arno van der Merwe. Sy dood word betreur deur al sy mede leerlinge. Ons harte gaan uit na sy ouers, familie en vriende in hierdie moeilike tyd.

2. Muntlegging of donasies - Protearif Laerskool

Lanternskool wil homself vereenselwig met die lot van een van ons skole in die omgewing, Protearif Laerskool. Die skool het baie skade gely met die onlangse tornado en storms. Die hele skool moes ontruim word en leerders word elders gehuisves. Ons wil 'n hand uitsteek van hulp en beplan 'n muntlegging (munte of note) op die 31 Oktober. Die geld kan aangewend word vir die opbou van die skool. Ander bydraes in die vorm van skryfbehoeftes sal waardeer word.

3. Grondslagfase Prysuitdeling

Die Grondslagfase se prysuitdeling sal op **1 November** om **08h00** in die saal plaasvind. U teenwoordigheid sal opreg waardeer word. Die leerders het regtig hard gewerk en ons wil dit graag vir hulle baie spesiaal maak. Die funksie sal nie langer as 'n uur en 'n half duur nie. Na afloop mag u kind saam met u huis toe gaan.

4. Oueraand - 17 Oktober 2017 (18:00 - 20:00)

'n Oueraand vir Gr 7 - 11 word gehou op 17 Oktober in die saal. Rapporte sal dan uitgedeel word. Personeel sal beskikbaar wees vanaf 18:00. Ouers word versoek om die belangrike geleentheid by te woon. Bespreek u kind se vordering met hulle vakonderwysers.

5. Eksamen roosters

Die Laer -en Hoërskool het reeds hulle roosters ontvang vir die finale eksamen. Ons versoek ouers om kennis te neem van die reëlings en hulle kinders aan te moedig om hulle self voor te berei vir die eksamens.

6. Bustye

Vanaf 3 November (eksamen) sal die busse om 12:15 vertrek van die skool. Die skool sluit 12:00 en leerders wat 'n tweede sessie skryf moet self reëlings tref vir vervoer.

7. **Algemene Jaarvergadering: 19 Oktober 2017.**
Tydens ons Algemene Jaarvergadering sal die begroting vir 2018 bespreek word. Belangrike besluite moet geneem word en ons wil ouers aanmoedig om die vergadering by te woon. Skoolgelde vir 2018 en ander finansiële sake sal voorgehou word.
8. **Belangrike datums**
17 Oktober - Oueraand
19 Oktober - Algemene Jaarvergadering (Begroting)
19 Oktober - 21 Oktober - VLR kamp
23 Oktober - Beheerliggaam vergadering 18:30
24 Oktober - Gr 12 eksamen begin
31 Oktober - Muntlegging - Protearif Laerskool
9. **AANDAG!** Laaste DVD bestellings word aan die einde van Oktober gedoen. Betaal R165 in by Me Rina La Grange in die kantoor voor 31 Oktober 2017

Groete

Mnr T Groenewald
Hoof

Mnr C van Wyk
Adjunkhoof - Hoërskool

Me A Niehaus
Adjunkhoof - Laerskool

16 October 2017**CIRCULAR 8/2017**

It is not whether you get knocked down; it's whether you get up -
Vince Lombardi

1. Message from the Principal

It is with great sorrow that we have learnt of the passing of one of our beloved grade 12 learners, Arno van der Merwe. His passing has left all his fellow learners bereaved. Our hearts go out to his parents, family and friends in this difficult time.

2. Coin-laying or donation - Protearif Primary School

Lantern School wants to assist one of our neighbouring schools Protearif Primary School. This school has recently suffered great damage by a tornado and storm. The whole school had to be evacuated and learners are being accommodated elsewhere. We would like to lend a hand by a coin-laying to be held on 31st October. The money can be utilised to re-build the school. Other (coins or notes) donations like stationery will be highly appreciated.

3. Foundation Prize Giving

The 1st of November is our Foundation Phase Prize Giving at 08h00 in the school hall. Your attendance will really be appreciated, as our learners have worked very hard and we would really like to make it a special occasion. The function should last approximately an hour and a half, after which your child may go home with you.

4. Parents Evening - 17 October 2017 (18:00 - 20:00)

A parents evening for Gr 7 - 11 will be held on 17 November in the school hall. Reports will be handed out. Staff will be available from 18:00. Parents are requested to attend this important event. Discuss your child's progress with their subject teachers.

5. Exam time tables

The Primary and High School have already received the time tables for the final exams. We ask that parents please take note of the arrangements and to encourage your child/ren to prepare themselves for the exams.

6. Bus Times

From 3 November (exams) the buses will leave at 12:15 from the school. The school will close at 12:00 and learners writing in the second session are responsible for their own transport.

7. **General Annual Meeting: 19 October 2017**

During our *General Annual Meeting* the budget for 2018 will be discussed. Important decisions need to be taken and we urge parents to attend this meeting. School Fees for 2018 and other financial issues will be presented.

8. **Important dates**

17 October - Parents' Evening

19 October - General Annual Meeting

19 October - LCR Camp

23 October - Governing Body Meeting 18:00

24 October - Gr 12 exams commence

31 October - Coin-laying for Protearif

9. **ATTENTION**: Last DVD orders will be done at the end of October. Pay R165 at Mrs Rina le Grange in the office before 31 October 2017.

Regards

MR T GROENEWALD
PRINCIPAL

MR C VAN WYK
DEPUTY PRINCIPAL
HIGH SCHOOL

MS NIEHAUS
DEPUTY PRINCIPAL
PRIMARY SCHOOL